



AMP BESKRYWING

AMP TITEL	Wykshoof (Divisieleier)
INSTANSIE	Apiesrivier Landelike BBV

DOEL VAN AMP

Om op te tree as die aangewysde wykshoof van die Apiesrivier Landelike BBV en om te same met die uitvoerende komitee en bestuur en die verskillende strukture waar uit daar voortvloeiende aksies is, doeltreffend te bestuur.

SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE

Beplanning, organisering, leiding en beheer van alle take soos vervat in die Apiesrivier Landelike BBV grondwet, wet 101 van 1998 op veld- en bosboubrande en verwante wetgewing en aktiwiteite van die brandvereniging van die Apiesrivier Landelike BBV gebied.

BESKRYWING VAN TAKE

Beplanning

- Gereelde kommunikasie met die brandhoof (verwys na die operasionele plan)
- Gereelde kommunikasie met die brandspan (verwys na die operasionele plan)
- Operasionele plan in werking stel en toesien dat dit in werking is, monitering van die sukses daarvan en jaarlikse hersiening moet gedoen word.
- Deelname aan die jaarlikse proses van beplanning ten einde die nodige doelwitte, take en hulpbronne te bepaal wat daartoe sal lei dat die doel van die amp bereik word.
- Beplanning rondom die BBV se begroting, jaarprogram en gebeurlikheidsplanne.
- Opstel en uitvoer van die gestandariseerde operasionele prosedure

Organisering

- Brandopleiding moet beplan en gereël word vir die area in samewerking met die Brandhoof
- Ondersteuning van take aan die brandhoof en ander wykshoofde soos benodig
- Vestiging van goeie samewerkende verhoudinge met lede en belangegroep ten einde om die BBV se funksie doeltreffend te kan uitvoer.



- Gereelde kommunikasie en bystand aan die brandkoördineerder
- Gee gereelde terugvoer aan die Brandhoof.

Leiding

- Motivering van span en gemeenskapslede om die take te verrig.
- Bevorder uitbou van die BBV se ledebasis.
- Hy/Sy kan persone aan wys om sekere take te verrig om hom/haar te ondersteun in die uitvoer van sy taak.(Bv. administrasie en Logistiek) Die name en kontakbesonderhede moet aan die BBV-Bestuur deurgegee word.

Beheer

- Insamewerking met die brandhoof kan 'n aansoek van 'n gemeenskapslid / BBV-lid ingedien word vir 'n brandpermit. Die Brandhoof keur die brandpermit goed- of af soos per brandpermitaansoekvorm en reëls.
- Moet toesien dat die brand gevaar indeks (BGI) daaglik uitgestuur word gedurende die brandseisoen en uiterste weerstoestand twee keer per dag gekommunikeer word na die gemeenskap en lede in die area.
- Brandverbod af te dwing. (verwys na die grondwet en bbv reëls)
- Doen 'n behoeftebepaling en koördinering van brandtoerusting in samewerking met die logistiekhoof.
- Rekordhouding van brande wat maandeliks na die brandhoof gestuur word soos per formaat wat verskaf word.
- Wanneer die wykshoof bedank moet hy/sy alle korrespondensie, bates en enige ander toerusting van die BBV aan die BBV bestuur oorhandig.
- Die wykshoof moet ook 'n amptelike oorhandiging doen van sy amp.
- Indien die wykshoof e-posse stuur moet die brandhoof en info@albbv.co.za in ge-cc word ter wille van goeie deursigtige kommunikasie.

VEREISTES VIR DIE AMP

1. Die wykshoof moet opleiding in brandbestryding en -toerusting hê.
2. Goeie mense verhoudings hê.
3. Toegang hê tot internet, e-pos en Whatsapp en verkieslik rekenaargeletterd wees.
4. Moet 'n gereelde radio verbruiker wees indien moontlik 'n BBV-radio gebruiker wees.



PERSOONLIKE EIENSKAPPE/VAARDIGHEDE

Ondervinding

- Wat tot voordeel vir die BBV sal wees.
- Skakeling met individue en groepe waar die bou van verhoudings noodsaaklik is.
- Vorige blootstelling aan vereniging pligte met inbegrip van beplanning, organisering, leiding en beheer.
- Ondervinding met veldbrande

Vaardighede/Eienskappe

- Goeie organiserings vermoë.
- Leierskap. Belangrike funksies van leierskap: visualisering, inspireer, raadgewend, beïnvloeding en mentor.
- Goeie kommunikasie vaardighede, beide gesproke en geskrewe.
- Goeie eienskappe: besluitneming, lojaliteit, moet 'n voorbeeld stel, menslikheid, kalm en beredeneerd, reverdigheid, trots, pligsbesef, verantwoordelike sin, goeie selfbeeld en selfvertroue, fisies/psigies fiks, engerie, entoesiasme, insiatief, respek en vertrouwe inboesem
- Kundig in die hantering van interpersoonlike konflik.
- Diensvaardige oriëntasie.
- Bereid wees om te help met nood.

AMP BEKLEËR	
AMP BESKRYWING GETEKEN OP	

HANDTEKENING VAN AMP BEKLEËR	
AANVANGSDATUM VAN AMP BESKRYWING	
HERSIENINGSDATUM VAN AMP BESKRYWING	Jaarliks tydens die beplanningsessie